

**15 Mei**

**Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-4:17 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 3:2**

### **Die brandende vuur wat nie vernietig nie**

Sien jy ook iets van die brandende vuur in die geskiedenis van Israel en in die lewe van Moses? Dit was nie 'n lewe van maanskyn en rose nie. Inteendeel, die omstandighede het hulle soos vuur gebrand. Jou lewe, asook die geskiedenis van jou eie volk, vertoon dalk dieselfde stryd soos van 'n brandende vuur wat nie uitbrand nie.

Die Here vergeet nie die volk waaraan Hy Hom verbind nie. Voordat God sy verbond met die volk hernu moet hulle besef hulle verdien die dood – soos 'n droë doringbos wat brand. Alleen deur die genade van God kon hulle bly lewe.

Dit is buitengewoon dat 'n droë doringbos brand, maar nie deur die vlamme verteer word nie. Die vuur van onderdrukking in Egipte was deur God se genade nie 'n verterende vuur nie, maar 'n heiligende vuur. Deur die vuur is hulle gereed gemaak om God in vryheid te dien. Moses moes self vir veertig jaar, weg van sy volk in die woestyn, hierdie vuurproef deurstaan. Met die staf in sy hand is hy deur God geroep om middelaar vir sy volk te wees en hulle uit Egipte te lei.

Jesus Christus is egter die enigste en volkome Middelaar tussen die heilige God en sondaarmense. Hy het die toornvlam van God oor ons sonde op Hom laat neerkom om ons van die ewige dood te verlos. As verlostes ervaar ons in ons vuurproef nou slegs die heiligmakende werk van die Heilige Gees sodat ons God elke dag met groter eerbied en dankbaarheid kan dien.

Sing: Psalm 2:6

Ds SA Cilliers (Waterberg)